

6 Augustus

Skrifgedeelte: Eksodus 12 (OAV)
Fokusgedeelte: Eksodus 12:13

Huise met bloed aan die deurkosyne

In Levitikus 17:11 lees ons: “Omdat die lewe van ’n dier in sy bloed is, het Ek die bloed vir julle gegee om op die altaar versoening te doen vir julle lewens. Omdat bloed versoening bring deur die lewe wat daarin is ...” (NAV). Dit beteken dat die lewe en die bloed van die offerdier na die lewe en bloed van Christus heenwys. Aan die altaar van die kruis is Christus se lewe en bloed gegee om vir die gelowige versoening te doen. Die bloed aan die kosyn is daarom ’n teken vir die Israeliet dat sy huis beveilig is teen die verderf wat die Here onder die Egiptenare gaan saai.

Israel is wel uitverkore, maar nie sonder sonde nie. Hulle murmurerings is bewys daarvan. Streng gesproke moes die Here Israel ook tref. Die bloed aan die kosyne is dus ook teken van hulle sondebefes en sondeskuld. Vir die Here is dit die teken van die Israeliete se sondebelydenis en tegelyk ’n smeking om genade.

Die paaslam wat geslag is, sê as’t ware: “God sal self die Lam voorsien.” Dit is sy Seun wat aan die kruis versoening sal doen. So kom die Israeliet vry van God se oordeel en is hy gereed om in gelowige aanbidding te trek (vs 27).

Kom daar vanuit jou huis ook ’n duidelike getuienis van die bloed van Jesus Christus? Dit kom alleen vanuit ’n ware sondeberou en die vaste geloof in God wat die Lam voorsien het wat sy bloed vir al ons sondes aan die kruis gestort het. Alleen dán kan jy die toekoms met gelowige aanbidding blymoedig ingaan.

Sing: Skrifberyming 8:4, 5

Ds. SA (Sarel) Cilliers (Waterberg)